Riglyne vir Enjin Beoordeling

Februarie 2017 / hersiening 2

Riglyne vir Enjin Beoordeling
Hersiening 2, Februarie 2017

Algemeen

Hierdie inligtingstuk is gemik op beoordelaars en uitstallers. Die doel is om restourasie en beoordeling op hoë standaard te kry en te hou.

Die Beoordelaar

Eerstens is dit 'n groot voorreg om aangestel of genooi te wees om as beoordelaar op te tree en daarom moet jy diensooreenkomstig optree en jou taak na die beste van jou vermoë verrig. Onthou as beoordelaar is jy nie beter as ander lede nie en dit gee jou nie die reg om eise te stel nie. Pas aan by die organiseerders en as jy iets nodig het vra daarvoor en los die organisasie vir die organiseerders.

Jy moet beoordeel en nie veroordeel nie – die gesindheid van 'n goeie beoordelaar.

Onthou jy beoordeel nou iets wat baie na aan die hart van sy eienaar is, waarop hy baie trots is en waaraan hy baie tyd, moeite en geld spandeer het. Dit is goed om die eienaar naby te hê as jy beoordeel. As jy nie seker is van iets nie kan jy die probleem met hom bespreek. Hier is dit baie belangrik om objektief (onpartydig) en taktvol te wees en as jy nie uitsluitsel oor iets kan kry nie, gee aan die uitstaller die voordeel van die twyfel.

Antieke masjiene het baie variasies en niemand weet alles van alles nie. Dit is nie 'n skande om te vra nie. Gretige restoureerders deel graag hulle kennis, gebruik die spesifieke kennis en leer. Om jou eie kennis uit te brei is dit belangrik om boeke en tydskrifte te bestudeer. Gesels met ander entoesiaste en vra vrae. Leer jouself om na 'n masjien te kyk soos 'n beoordelaar.

Onthou beoordeling is nie om fout te vind nie, maar om die uitstaller te help om sy masjien so korrek as moontlik te restoureer en die antieke beweging te bevorder. Die klem lê hier op OORSPRONKLIK. Dit maak nie saak hoe mooi iets lyk op 'n masjien of hoeveel moeite dit gekos het nie, oorspronklik kry ALTYD meer punte. Wees bereid om na die tyd saam met die eienaar sy masjien te bespreek maar moet nie toelaat dat hy jou intimideer nie, maar onthou soos die Woord sê "takt en oorleg is meer werd as goud en korale".
Laastens, beoordeel is harde werk en as jy moeg word en konsentrasie verloor, gaan rus eers, die uitstaller het baie moeite gedoen en verdien jou volle aandag.

Die Uitstaller

Berei jou masjien goed voor en sorg dat dit skoon en netjies is, en dat alles in ’n werkende toestand is. As uitstaller moet jy ook onthou dat oorspronklikheid kry altyd die meeste punte, mits dit wat oorspronklik is in ’n goeie toestand is. Die HAT beskryf die woord RE-STOU-REER immers as volg: “**Herstel, opknap, verbeter, tot sy oorspronklike toestand terugbring”**. Jy kan jou masjien “mooi” maak as jy wil, die belangrikste is tog dat jy hom moet geniet, maar wees bereid om punte op te offer vir iets wat nie oorspronklik is aan daardie spesifieke masjien nie, onthou ook wat vir jou mooi is, is nie noodwendig vir almal mooi nie. Verkoelerpype, vonkpropdrade, verdelerdop ens. Vir meeste mense lyk dit nie mooi nie en hulle verkies dit om die onderdele ongeverf/swart te los, maar dit is nie soos dit oorspronklik was nie. SAVTEK verkies egter dat bedrading, vonkpropdrade en verdelerkop nie geverf word nie.

Die uitstalstuk moet duidelik gemerk word met die volgende inligting:

- Naam en Van
- Die enjin se fabrikaat en model
- Jaar van vervaardiging
- Kontak besonderhede / Sel nommer
- Klubnaam
- Klas

Staan by as jou enjin beoordeel word, maar moet asseblief nie inmeng met die beoordeling nie en moet ook nie die heeltyd kommentaar lewer nie, dit kan die beoordelaar se objektiwiteit beïnvloed, gewoonlik negatief.

Wees asseblief genadig teenoor die beoordelaars. Dit is harde werk en hulle doen hulle bes om onpartydig te wees, maar daar kan ongelukkig net een wenner wees. As jy egter ’n probleem het met die punte wat aan jou enjin toegeken is, bespreek dit met die beoordelaars, om gal te braak na die tyd, teenoor die ander klublede, doen net jou eie reputasie en die stokperdjie wat ons so geniet, skade aan.

BEOORDELINGSVORM

1. Identifikasie – 5 punte

Naam plaatjie en enjin no.

Die plakkers en kentekens moet die regte tipe wees en op die regte plek wees. Plakkers wat uit individuele uitgesnyde letters bestaan verdien ook meer punte as die meer algemene "mylar" plakkers waar die letters of kentekens op 'n deurskynende plastiek geverf is, afhangend natuurlik watter tipe meer oorspronklik is. As daar plakkers was moet dit natuurlik ook aanwesig en op die regte plek wees. Geduikte, geroeste of toegeverfde plaatjies en kentekens sal punte kos. Maak tog ook seker dat die kleure op metaal kentekens reg is. Die plaatjies op die magneet, word ook hier beoordeel.

En toestand van plaatjies

Is al die plaatjies teenwoordig? Is die plaatjie korrek gemonteer, met metaal naels etc. Is dit op die regte plek gemonteer? Is die plaatjie duidelik sigbaar en lees baar. Is dit sonder duike en krap/skuur merke? As 'n nagemaakte plaatjie gebruik word moet die letters reg gegraveer/ge "stamp" word en die plaatjie soos die oorspronklike lyk

2. Oorspronklikheid – 50 punte

2.1 Brandstof tenk, krane, pype en tenk proppe (deksels). – 5 punte

Die eerste punt om te onthou is dat verfwerk en kentekens nie onder tenk beoordeel word nie. Hier word gekyk na die toestand van die tenk. Manier wat lek plekke herstel is, is daar duike sigbaar. Gietstukke wat nie glad was nie mag nie gladgemaak word nie. Verkeerde brandstofkrane kos punte. Die brandstofprop moet ook die regte tipe en in goeie toestand wees.

Oorspronklikheid van items
As items beskadig is sal punte afgetrek word
Regte pype moet gebruik word
Vir duike sal punte verloor word
Regte krane sal help om punte te verdien

2.2 Uitlaatstelsel – 5 punte

Hier is dit belangrik dat die enjin die regte knaldemper met die regte kleur moet op hê, en as daar klampe om die pype was sal punte afgetrek word vir die afwesigheid daarvan. ''n Vlekvrye staal of verchroomde knaldemper lyk baie mooi maar baie min enjins was so toegerus, so wees bereid om punte op te offer vir nie-oorspronklik. Punte word ook afgetrek vir 'n geduikte of geroeste knaldemper en ook vir onafgewerkte sweisplekke op die uitlaatstelsel.

Geen krake moet teenwoordig wees nie. Oorspronklikheid sal punte tel. 'n Beskadigde stelsel moet so goed as moontlik tot oorspronklike toestand herstel word. Lekke moet

nie teenwoordig wees nie. Die spruitstuk (Manifold) moet so oorspronklik as moontlik wees, as daar gesweis is moet dit netjies afgewerk wees

2.3 Slinger en Vliegwiel– 5 punte
Oorspronklikheid van die slinger is baie werd. As die slinger beskadig is kan dit punte kos. Die toestand van die handvatsel is ook belangrik vir veiligheid.
Die toestand van die vliegwiel is ook belangrik. Krake en algemene skade aan die vliegwiel sal punte kos. Daar mag ook geen speling of"backlash" wees nie

2.4 Vonkprop, drade en Magneet – 10 punte (Indien dit Petrol is:)
Hier is dit belangrik daar die enjin die regte magneet met die regte kleur moet op hê, dit was meestal 'n silwer kleurige eenheid en as daar klampe om die hoëspannings draad was sal punte afgetrek word vir die afwesigheid daarvan. Punte word ook afgetrek vir 'n gebreekte vonk verdeler dop of geroeste deksel vir die punte gedeelte van die magneet. Die vonk prop moet die regte grote wees
Hoogspannings drade moet nie moderne (fibre optic) drade wees nie/ in lyn stuwings dempers (line supressor) het in daardie dae ook nie bestaan nie

2.4 Inspuiter (Injector) – 10 punte (indien dit diesel is)
Die inspuiters moet die regte tipe wees en in 'n goeie toestand wees en ook die regte kleur geverf wees. Beskadiging van inspuiter(s) sal punte kos. Oorspronklike inspuiters moet gebruik word (regte tipe)
Pype moet oorspronklik gevorm wees en nie beskadig wees nie

2.5 Vergasser – 10 punte (indien dit petrol is)
Is dit die oorspronklike vergasser, onthou dat 'n model met verskillende vergassers vanaf die fabriek versend kon gewees het. Is die vergasser in 'n goeie toestand, sonder kap merke, met oorspronklike deksel vir die vlotter kamer waar van toepassing. Is daar enige lekkasie uit die vergasser, bv. oorvloei?

2.5 Druk ontsteking: pomp – 10 punte (indien dit diesel is)
Die dieselpomp moet die regte tipe, volledig en in 'n goeie toestand wees en ook die regte kleur geverf wees.

2.6 Kleppe (Valve gear) en hefbome (levers) /lugsuiweraar en ventilators (breather)– 5 punte

Hier word gekyk na enjins met oop klep stooters (pushrods), rockers, kleppe. Enjins wat hefbome soos byvoorbeeld decompression/ primer hefbome het
Oormatige speling/ regte tipe/ is dit beskadig/ is die verstelling korrek/is die onderdele gebuig/ is daar oormatige slytasie
Die ventilators ("breathers")- moet van die regte tipe wees en in 'n goeie toestand wees.
Indien die enjin met 'n lugsuiweraar toegerus is, word gekyk of dit oorspronklik en volledig is.

2.7 Smeerpunte (Greaser and grease points, Oil lines, oilers, oil filler, dipstick) – 5 punte

Vee die ekstra ghries af wat by penne of buste uitpeul en om die "ghriesnipple" (smeertepels!, Pieter Smit) sit.
Maak seker dat alle punte wat gesmeer moet word wel genoeg ghries het
Toestand van oilers, olie pype, drein prop, dipstick ein vul prop
Moet reg gevul word (mag nie leeg wees nie). Moet die regte grote wees.
Oorspronklikheid
Daar waar olie benodig word moet daar olie voorsien word!

2.8 Verkoeling stelsel, krane, pype en klampe – 5 punte

Die ou tipe dubbel-draad en skroef tipe klampe is verkieslik en seël ook beter. Moderne klampe kos punte.
Is die verkoeling stelsel in verhouding met die enjin en montering, onthou dit is 'n logistieke nagmerrie om groot watertenks te monteer, karwei en te vul by byeen komste. Lek die stelsel, is ou tipe pype gebruik. Outydse verkoelerpype van die gevulkaniseerde, opgedraaide lap tipe lyk beter as nuwer gladder rubbertipe pyp, hoewel daar nie punte afgetrek word vir die nuwer pype nie.
By die verkoeler word punte afgetrek vir duike en soldeerplekke, en as daar vinne of pypies weg is of toegebuig. Die verkoelerprop moet ook die regte tipe en in goeie toestand wees. 'n Blinknuwe verkoelerprop met Japannese skrif of' n "Silverton Radiators" plakker op kos punte.
Oorspronklikheid, regte krane- as daar 'n brass kraan gebruik is moet asseblief nie 'n moderne bal kraan gebruik nie!
'n oppervlak behandeling binne die hopper het oorspronklik nooit so uitgekom nie maar daar word nie punte afgetrek nie as 'n vertoner dit so wil doen nie.

3 Afwerking - 15 punte

3.1 Verfwerk – 5 punte

Die enjin moet orals geverf wees, ook agter die vliegwiele, onder/agter die brandstoftenk, en in meeste gevalle ook die boute en moere.
Die belangrike aspek van verf is dat die verf die "regte" kleur moet wees. Restoureerders gebruik baie keer verbleikte of verkleurde onderdele as voorbeeld as hulle kleure laat meng en kry dan die verkeerde kleur. As jy die regte kleur soek, kyk na plekke waar twee onderdele aanmekaar vasgebout was en waar daar nie son, olie of brandstof kon bykom om die verf te verbleik nie.
Die kwaliteit van die verfwerk moet goed wees. Dit moet 'n goeie glans hê en nie lemoenskil, loopplekke (druppels) of "fish eyes" hê nie. Dowwe, growwe verf en krappe of kapmerkies (chips) sal punte kos, so ook verkleurde verf en roesplekke of blasies onder die verf. Punte sal nie afgetrek word vir verf wat afgebrand het op die uitlaatstelsel nie, maar wel waar dit afgeskilfer het op boutkoppe en klampe.
Gietstukke wat gladgemaak is, is nie toelaatbaar nie. Die enjin het nooit so uit die fabriek gekom nie!
Verchroomde onderdele is net toelaatbaar indien dit oorspronklik so geproduseer was.

3.2 Boute, moere en sleutelgleuwe – 5 punte
Dit is belangrik dat boute en moere nie geslyt of gebuig moet wees nie. Nog belangriker is dat die boute van die regte lengte moet wees. Punte word verbeur vir die boute wat te lank is of as daar metriese boute is met seskantige koppe waar dit vierkantig moet wees, As jy wel metriese boute moet gebruik, vyl ten minste die merke op die koppe af sodat dit nie soos metriese boute lyk nie. Boute met vierkantige koppe kan gemaak word deur die seskantige koppe af te saag. 'n Stuk reghoek yster (rectangular bar) in sy plek vas te sweis en dit af te werk. Kyk ook dat jou boute en moere bymekaar pas en dat hulle van dieselfde grootte is. Bout koppe moet dieselfde grote wees. Metriese boute mag nie in plaas van imperiaal grotes gebruik word nie. Boutkoppe wat beskadig is deur die gebruik van verkeerde gereedskap moet tenminste glad gevyl word. Hier word ook gekyk na die toestand van die "keyways"
Daar moet nie metaal baard (burrs) by die sleutel gleuf wees nie. Keyways moet nie beskadig wees nie sodat die sleutel goed pas vir veiligheid. Die regte tipe sleutel (key) moet gebruik word

3.3 Vakmanskap en geheelindruk – 5 punte
Hierdie is nie altyd ' n streng objektiewe punt om te beoordeel nie, maar gaan oor die algemene indruk wat die trekker skep by die beoordelaars. Nadat die beoordeelaars al die aspekte hierbo beoordeel het, het hulle gewoonlik 'n goeie idée hoeveel moeite, tyd en toewyding die restoureerder aan sy werk spandeer het. Neem kennis: hoe meer sweet, hoe meer PUNTE.
Iets wat belangrik is, is die"attention to detail" van die restoureerder!

4 Lopende Toestand – 20 punte

4.1 Olie en Brandstof lekkasies – 5 punte
Kyk veral by die petrol kraantjies, pyp klampe, en waar daar pakstukke moet wees, of dit wel in plek is en die nate droog is. Is daar lekkasies by die krukas en vlieg wiele? Hier word ook na die verkoeling en uitlaat stelsel gekyk vir lekplekke.

4.2 Toestand van laers – 5 punte
Is daar speling op die hoof laers van die krukas, ook sydelings?
Is daar geraas hoorbaar vanaf die laers?

4.3 Aansit van enjin – 5 Punte
Vat die enjin redelik maklik of moet daar lank gesukkel word om te vat? Rook die enjin oormatig?

4.4 Abnormale meganiese geraas /Loop die enjin soos dit behoort te – 5 punte
Is daar geraas vanuit die binne gedeelte van die enjin?
Loop die enjin stadig, kan dit versnel en weer terug keer na luier spoed?

5 Aanbieding van enjin – 10 punte

5.1 Restourasie storie, voor en na foto's– 3 punte
Die vertoner moet 'n foto verhaal van die enjin se restourasie proses vertoon.

5.2 Vertoner bord, geskiedenis, eienaar besonderhede– 3 punte
Die vertoning moet duidelik gemerk word met die volgende inligting:

- Die enjin se fabrikaat en model
- Jaar van vervaardiging
- Naam en Van van eienaar
- Sel nommer van eienaar
- Klubnaam
- Indien 'n bietjie geskiedenis van die spesifieke enjin verskaf kan word maak dit die aanbieding meer interessant.

5.3 Trollie of raam– 4 punte
Hier word gekyk na die algemene vakmanskap van die raam of trollie. Is die trollie proporsioneel in grote met die enjin? Om 'n groot raam te bou en 'n klein enjin op te sit of anders om pas net nie.

Hersiening 1 is opgestel deur Sarel Botha tel 082 556 9208 epos sarel.botha@vodamail.co.za en Mark Hohls epos mo.hohls@gmail.

ondersteuning van: Johan Krause, Hennie Swanepoel en Petrus Nel

Hersiening 2 is in 2017 deur M Hohls gedoen

Beeoordelings vorm wat tans in gebruik is

SAVTEK Date:.....

ENGINE JUDGING FORM

NAME: Cell:		NO:		
ENGINE:		HP:		approved: 2017-01-21
YEAR:		CLASS:		
REMEMBER: ORIGINALITY, CLEANLINESS & COMPLETENESS COUNTS				
1	IDENTIFICATION	POSSIBLE POINTS	ACTUAL POINTS	COMMENTS
1.1	Name plate, engine no. & stickers	5		
	Sub total	5		
2	ORIGINALITY and CONDITION			
2.1	Fuel Tank, filler cap, Cock and pipes	5		
2.2	Exhaust system	5		
2.3	Starting handle, Flywheel	5		
	Ignition system:			
2.4	Petrol engine: magneto, spark plug & wire OR Diesel engine: Diesel injection system (Injectors/ pipes)	10		
2.5	Carburettor OR Diesel pump	10		
2.6	Valve gear, decompression / primer levers	5		
2.7	Greaser, and grease points Oil lines, oilers, oil filler, dipstick	5		
2.8	Cooling system & drain cock, pipes and hose clamps	5		
	Sub total	50		
3	FINISH			
3.1	Paint, correct colour, gloss, runs orange peel, "gladde castings"	5		
3.2	Nuts/ Bolts/ keyways	5		
3.3	Workmanship and overall impression	5		
	Sub total	15		
4	RUNNING CONDITION			
4.1	LEAKS: Oil, fuel and water	5		
4.2	Condition of bearing	5		
4.3	Starting	5		
4.4	Does engine run as it should?/ abnormal mechanical noise	5		
	Sub total	20		
5	PRESENTATION			
5.1	Restoration story, before and after pictures	3		
5.2	Display board: owner and engine information, history	3		
5.3	Trolley or base	4		
	Sub total	10		
	TOTAL	100		
Judge..... (comments				

Comments:

.....

.....

Beoordelingsklasse

E ENGINES

EAU	Open-crank - UNrestored
EAR	Open-crank - REstored
EBU	Closed-crank - UNrestored
EBR	Closed-crank - REstored
ECU	Combination - UNrestored
ECR	Combination - REstored
EDU	Best three engines of one make - UNrestored
EDR	Best three engines of one make - REstored
EEU	Best three engines of different make - UNrestored
EER	Best three engines of different make - REstored